ProjekVerwysing: 723.18034.00003

LêerVerw. Rhino Vrystaat 294 ER Bywerkingsbrief Jan 2016

PASA Verw: 12/3/294 ER

Week van 25 Januarie 2016

**AANDAG: GRONDEIENAARS/BELANGHEBBENDES/BGP**

Geagte Meneer/ Me

**BYWERKING AAN DIE OMVANG- EN OIA PROSES: AANSOEK VIR OMGEWINGSBEMAGTIGING MET BETREKKING TOT 'N EKSPLORASIEREG VIR PETROLEUM OP MENIGDE PLASE IN DIE LANDDROSDISTRIKTE VAN FRANKFORT, HARRISMITH, HEILBRON, KROONSTAD, LINDLEY, REITZ, SENEKAL, VENTERSBURG & VREDE IN DIE VRYSTAAT, MPUMALANGA & GAUTENG PROVINSIES (12/3/294 ER)**

**Inleiding:**

Soos u bewus is het Rhino Oil and Gas Exploration South Africa (Edms) Bpk (Rhino Oil & Gas) 'n aansoek ingedien vir 'n eksplorasiereg aan die Petroleum Agentskap Suid Afrika (PASA) in terme van artikel 79 van die Minerale en Petroleum Hulpbronne Ontwikkelingswet (28 van 2002) (MPRDA) op eiendomme oor baie van die Vrystaat Provinsie (Verw: 12/3/294 ER). Rhino Oil & Gas het daaropvolgend 'n aansoek gemaak aan PASA vir Omgewingsbemagtiging van eksplorasie aktiwiteite soos uiteengesit in Lyskennisgewing 2 (GN R 984), gemaak in terme van Artikel 24(5) van die Nasionale Omgewingsbestuurswet (107 van 1998) (NEMA).

SLR Consulting (Edms) Bpk is aangestel as die onafhanklike omgewingsassesseringspraktiseins en onderneem die nodige omgewingsassessering en publieke deelmname proses. Die aansoek is onderhewe aan 'n omvang- en Omgewingsimpakassessering (OIA) proses wat geonderneem word in terme van die OIS Regulasies, 2014 (GN R 982, 8 December 2014).

**Voorgestelde Eksplorasie Aktiwiteite**:

Besonderhede van die voorgestelde eksplorasie werksprogram, 'n kaart van die eksplorasie area, lys van plase wat ingesluit word en inligting oor die omvang- en OIS proses is ingesluit in die projek se Agtergrondinligtingsdokument wat beskikbaar is aan die publiek by ftp.slrconsulting.co.za Gebruikersnaam: 1013151012 Wagwoord: wiutgf783e32 of per versoek van SLR.

In hierdie aansoek het Rhino Oil & Gas net aansoek gedoen vir goedkeuring van vroeë-fase eksplorasie vir olie en gas wat moontlik gevind kan word in die geologiese gelaagdheid/strata. Die doel van die werk sal slegs wees om vas te stel of daar enige petroleum hulpbronne teenwoordig is wat verder ondersoek kan word. Die aanvanklike 3 jaar eksplorasie werksprogram sal beperk wees tot nie-indringende tegnieke, sowel as seismiese opnames en die boor van minder as 10 kernboorgate.

**"Fracking" of Nie?**

Geen hidroliese breking (fracking) is voorgestel in die 3 jaar eksplorasie werksprogram nie. Rhino Oil & Gas het verklaar dat daar huidiglik nie genoeg inligting beskikbaar is om vas te stel watter tegnieke moontlik nodig sal wees vir toekomstige gas ontginning nie. As 'n hulpbron geïdentifiseer word en is daarna bewys dat dit kommersieel uitvoerbaar is, sal hidroliese breking moontlik een van die tegnieke wees vir gas produksie. Nietemin, baie ondersoeke, menigde omgewingsassesserings en goedkeurings van die owerhede sal benodig word voor die punt bereik word.

As vroeë-fase eksplorasie sou bevestig dat daar wel 'n potensiële hulpbron is, sal Rhino Oil & Gas dan verdere goedkeuring van PASA benodig vir die addisionele eksplorasiewerk wat benodig sou word om dit te ondersoek. Enige vereder goedkeuring sal onderhewe wees aan 'n addisionele omgewingsassessering met verdere publieke deelname. Desgelyks, as die latere eksplorasie lei tot die bevinding van 'n kommersiële hulpbron, sal Rhino Oil & Gas 'n produksiereg by PASA moet verkry. Enige aansoek vir 'n produksiereg is onderhewe aan 'n omgewingsassesseringsproses met verdere publieke konsultasie. Goedkeuring van ander wetgewing sal ook heel moontlik benodig word.

Alle toekomstige eksplorasie werk of produksie werksaamhede wat mag ontstaan, as hulpbronne gevind word, is dus buite die werksomvang van die huidige omvang- en OIS proses.

**Kennisgewing en Konsultasie:**

Kennisgewing aan en konsultasie met belanghebbende en geaffekteerde partye (BGP) het begin in September 2015. 'n Reeks publieke vergaderings was gehou in dorpe oor die aansoekarea in Oktober 2015. 'n Konsep omvangsverslag was ook beskikbaar gemaak vir nasiening in Oktober 2015. Die publieke deelname proses tot op hede het betekenisvolle reaksie gelok tot die

eksplorasiereg aansoek. Oor die algemeen was die reaksies grootliks gekant teen die eksplorasiereg aansoek en dit is gedokumenteer. Die kwessies wat geopper is, is te veel om te beskryf in die brief[1], maar het versoeke vir verdere konsultasie ingesluit en vereis dat meer tyd gegee word in die omvang- en OIS skedule[2]. SLR het PASA genader met vyf.sleutel kwessies wat baie belangrik is tot die algehele omvang- en OIS proses. Hierdie kwessies is hieronder opgesom:

Kwessie 1: Meeste mense wat deelneem in die OIS proses het hul teenkanting of besware gemeld. Baie van die besware was gemaak met redes wat betrekking het tot fracking. Dit is duidelike dat die OIS proses nie sulke besware sal kan opklaar nie. Watter meganismes bestaan sodat hierdie besware aangespreek kan word?

Kwessie 2: Meeste BGPs het vereis dat die huidige OIS proses besonderhede oor produksie moet gee, en onderneem dat 'n assessering van potensiële produksieverwante (insluitend fracking) impakte gedoen moet word, al dek die huidige aansoek nie verdere eksplorasie of produkse nie. Wat is PASA se instruksies met betrekking tot die omvang van die huidige OIS?

Kwessie 3: Baie van ide BGPs het gevra hoekom die huidige Karoo Strategiese Omgewingsassessering (SEA) nie van toepassing is tot alle areas in Suid-Afrika nie. Verder het die BGPs vereis dat alle eksplorasiereg aansoeke en verwante OIS prosesse stopgesit moet word tot die SEA afgehandel is. Wat is PASA se reaksie in die opsig?

Kwessie 4: Meeste BGPs het aangevoer dat die tyd wat beskikbaar is in die huidige OIS skedule nie genoeg is om behoorlike publieke konsultasie toe te laat vir 'n aansoekarea van die omvang nie. Sal PASA tydsverlenging toelaat in die OIS proses om die projek kans te gee om te reageer op hierdie kwessies en om die publieke deelname proses dienooreenkomstig aan te pas?

Kwessie 5: BGPs het die beswaar geopper dat baie van die areas binne die aansoekarea of algeheel beskermd is of in stryd is met eksplorasie en/of die produksie van olie en gas en dat wetgewing keer dat sulke werk gedoen word in hierdie areas. Die vraag is gevra: "hoekom word 'n OIS gedoen om 'n eksplorasiereg te verkry in areas waar geen gas, indien dit gevind word, ontgin sal kan word nie as gevolg van die beperkings wat beskermde areas wetgewing en Regulasie 122 van die Petroleum Regulasies (GN R466 van 2015) daarop plaas met betrekking tot die ligging vat boorgate?" Die eis is dat die aansoek stopgesit word, alle toekpmstige onversoenbare/onwettige areas verwyder word en dat 'n nuwe OIS aan die gang gesit word vir die hersiende area. Wat is PASA se reaksie in die opsig?

---

[1] Alle kommentaar en kwessies wat ingedien is deur BGPs word op record geplaas en sal in die omvangsverslag wees.

[2] Die skedule vir 'n omvang- en OIS proses is bepaal deur die tydsraamwerk uiteengesit in Deel 3 van die OIS Regulasies (GNR 982, 8 Desember 2014)

Die antwoorde verkry van PASA op hierdie vrae is aangehag aan hierdiedie skrywe. Die aansoek en die omvang- en OIS proses sal onderneem word dienooreenkomstig die leiding ontvang van PASA. Om verdere publieke interaksie te inkorporeer en ondersoek van die omvangsproses te bevorder, het SLR aansoek gedoen aan PASA vir ‘n verlenging van tyd. In Desember 2015 het PASA verlenging vir die omvansproses toegestaan, met die vereiste dat die finale omvangsverslag aan PASA ingedien word teen die 20ste April 2016.

SLR is huidiglik besig met verskeie aktiwiteite om kennisgewing te vermeerder en om konsultasie met die belanghebbendes en om reaksie in te win van die BGPs wie verteenwoordigend is van die aansoekarea. Die doelwit is om te verseker dat die konsultasie wyd genoeg is om ‘n konsep omvangsverslag te produseer wat die sleutelkwessies identifiseer wat verder ondersoek moet word in die assesseringsfase. SLR is deurlopend besig om met die belanghebbendes te konsulteer deur middel van ‘n verskeidenheid van fokusvergaderings, addisionele kommunikasie en die verspreiding van inligting. Vergaderings word gereël met die plaaslike munisipaliteite, boereverenigings en ander grondeienaar verteenwoordigers.

BGPs word in kennis gestel dat die hersiende konsepomvangsverslag beskikbaargestel sal word vir ‘n 30 dae nasienperiode. ‘n Verdere kennisgewing in hierdie opsig sal uitgestuur word wanneer die hersiende verslag beskikbaar sal wees. Alle kommentaar en kwessies geopper deur BGPs sowel as die notules van al die vergaderings wat gehou was sal ingesluit wees in die hersiende konsepomvangsverslag.

**Aansoekarea:**

SLR was deur Rhino Oil & Gas in kennis gestel dat hulle die aansoek area hersien (dit word huidiglik nagesien deur hul landmeters). Die hersienings sal alle eiendomme uitsluit waar die toestaan van ‘n eksplorasiereg verbied word deur Artikel 48 van die MPRDA, insluitend:

- Per artikel 48 van die Beskermde Areas Wet (57 van 2003), spesiale reservate, nasionale parke, natuurreservate, beskermde areas of beskermde omgewings (insluitend wêrelderfenisgebiede, beskermde marine areas, spesiaal beskermde woude, woud natuurreservate en woud wildernis areas);
- Grond wat residensiële areas bevat;
- Enige publieke pad, spoor of begrafplaas;
- Enige grond wat gebruik word vir publieke of regeringsdoeleindes of gereserveer is in terme van enige ander wet; of
- Areas geïdentifiseer deur die Minister deur kennisgewing in die Staatskoerant in terme van artikel 49 van die MPRDA.

Rhino Oil & Gas het ook SLR in kennis gestel dat hulle nie eiendome of areas gaan uitsluit waar 'n hindernis eksplorasie sal beperk nie (huidiglik of toekomstig), maar wat nie spesefiek die toestaan van 'n eksplorasiereg verbied nie. Rhino Oil & Gas sal, nietemin, seker maak dat al hul aktiwiteite onderneem word op 'n wetlik en omgewingsverantwoordelike manier. Dit is die rol van die omgewingsproses om alle hindernisse en beperkings wat eksplorasie aktiwiteite verbied deur gedokumenteerde bestuursverpligtinge te identifiseer. 'n Voorbeeld van 'n hindernis wat spesefiele eksplorasie aktiwiteite in sekere areas verbied, maar wat nie toestaning van 'n eksplorasiereg verbied nie is Artikels 122(2) en (3) van die Regulasies op Petroleum Eksplorasie en Produksie (GN R 466, Junie 2015). SLR sal hierdie hindernisse identifiseer en dokumenteer in die OIS.

**Opsomming:**

Die omgewingsassesseringsproses van die aansoek vir 'n eksplorasiereg deur Rhino Oil & Gas oor eiendomme in die Vrystaat (Verw: 12/3/294 ER) is steeds in die omvangsfase. Die primêre doelwit van die omvangsproses is om sleutel kwessies te identifiseer wat na gekyk moet word in die assesseringsfase wat volg. Daar moet gelet word dat die doel van die omfansfase nie is om al die antwoorde te voorsien nie, maar eerder om die kwessies te dokumenteer en om seker te maak dat die vlak van assessering wat nodig is onderneem sal word in die OIS.

Tot op hede, het BGPs menigde kwessies geopper en daar is sterk teenkanting teen die projek. Die omvang- en OIS proses is beisg om aan te pas tot die reaksies tesame met die leiding van PASA op sleutel kwessies. Konsultasie met potensiële BGPs gaan steeds voort en strewe daarna om kennisgewing en konsultasie met belanghebbendes deurlopend uit te brei.

Die resultate van die huidige proses, insluitend die kwessies en besware, sal gedokumenteer word in die hersiende omvangsverslag. Wanneer dit klaar is, sal 'n hersiende konsepomvangsverslag beskikbaar gestel word vir 'n 30 dag nasien periode.

Stuur asseblief die brief aan na enige ander persoon wie u ken wie 'n belang in die projek mag hê. Ons verwelkom enige vrae of kommentaar. Dankie vir u volgehoue betrokkenheid in die omvang- en OIS proses.

U uwe

**Matthew Hemming**

MSc (Conservation Biology)

Environmental Assessment Practitioner